

HOOFSTUK II.DIE EERSTE ONDERWYSPOGINGS (1881 - 1899).1. Onderwys onder Du Toit en Stiemens (1881 - 1891).

(a) Inleiding. Na die ondertekening van die Konvensie van Pretoria op 3 Augustus 1881 het Transvaal op 8 Augustus sy onafhanklikheid teruggekry. Die keuse van die „Driemanskap“ het eenparig geval op ds. S.J. du Toit, predikant van die Paarl, as Superintendent van Onderwys vir die Suid-Afrikaanse Republiek. Alhoewel hy reeds op 22 Augustus 1881 benoem is as Superintendent van Onderwys¹⁾ het hy eers op 13 Maart 1882 diens in daardie hoedanigheid aanvaar²⁾.

Ds. Du Toit het die onderwys met ywer aangepak, en as gevolg van sy besondere bekwaamhede was daar spoedig 'n algehele herlewing op onderwysgebied, sodat daar 'n tydperk van bloei en welvaart in die onderwys van Transvaal aangebreek het. Die onderwysbeginsels van ds. Du Toit is beliggaam in die Onderwyswet, no. 1 van 1882³⁾. Dit het bepaal dat die onderwys die taak van die ouers was. Die staat sou hom slegs beperk tot geldelike steun, wat op sy beurt weer bepaal sou word volgens die aantal leerlinge en die graad van die onderwys. Privaatskole met staatsubsidie het nou die reël geword. Die stigting van skole is oorgelaat aan „partikuliere inisiatief“⁴⁾.

Die Du Toit-onderwyswet het ingepas by die

/destyds

1. Staats Courant No. 16 van 22 Augustus 1881.
2. (a) Coetzee: Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 188.
(b) Onderwys in Transvaal, 48.
3. Dit het ook gedien as grondslag vir Wet no. 8 van 1892.
4. Het Zoeklicht, November 1924, 338.

destyds heersende volkstradisies en die volksaard. Dit was „h stelsel van staatsondersteunde skole op Christelike, Bybelse en nasionale grondslag met Hollands as voertaal, h stelsel wat die belangstelling en steun van die Transvaalse Boerebevolking dadelik ontvang het, omdat dit rekening gehou het met hul gees en rigting en met hul behoeftes" ¹⁾ .

Die regulasies vervat in Wet no. 1 van 1882 insake die afneem van eksamens, is in 1886 gewysig toe h Raad van Eksaminatore, bestaande uit vyf lede, in die lewe geroep is om die eksamens van leerlinge, onderwysers en ²⁾ gevorderde leerlinge van middelbare skole af te neem .

Ooreenkomstig Wet no. 1 van 1882 is in Vereeniging, net soos in die ander distrikte van Transvaal, skole opgerig om in die behoefte van die volk te voorsien.

(b) Eerste skole in die distrik Vereeniging (1881 - 1891).

Daar kon geen bewys gevind word vir die bestaan van h plaasskool van enige omvang in die distrik Vereeniging nie voor 1881. Weens die afwesigheid van offisiële stukke sal h beskrywing van die onderwystoestande in hierdie geweste vir hierdie tydsfase baie algemeen van aard wees. Dit kan egter met h groot mate van veiligheid aangeneem word dat die onderwystoestande van hierdie gebied baie ooreengekom het met die algemene onderwystoestande in Transvaal in hierdie tydperk in streke waar daar nog nie /voldoende

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 51.
2. Ibid., 52.

voldoende skole was nie.

In die begin van die Superintendentskap van ds. S.J. du Toit, toe Vereeniging nog onder Heidelberg tuisgehoort het, het ds. N.J. van Warmelo, toentertyd predikant van die Heidelbergse distrik, veel gedoen vir die onderwyssaak deur leiding te gee by die oprigting van skole kragtens artikel 9 (Byzondere Bepalingen) van Wet no. 1 van 1882. Op 14 Augustus gee hy kennis van die sluiting van die skool op Kliprivier ¹⁾. Op 25 September 1883 gee hy weer kennis van die opening van 'n skool op Kliprivier met 24 kinders onder J.W. Spruyt ²⁾. Op 19 November 1883 ³⁾ en op 8 Januarie 1884 ⁴⁾ stuur hy verslae in oor dieselfde skool en op 28 Julie 1884 ⁵⁾ stuur hy die driemaandelikse state van die onderwyser H. van Haarst, Wyk Kliprivier, aan die Superintendent. Op 1 Desember 1885 en 26 Junie 1886 vra hy driemaandelikse state vir drie ondersteunde skole ⁶⁾.

Vir sover vasgestel kon word, het daar 'n skool te Kliprivier so vroeg as 1882 onder die heer N.H. Pannevis bestaan ⁷⁾. Op 21 November 1882 skryf

/C.L. Neethling

-
1. O.D.-Band no. 2: Brief van ds. Van Warmelo aan die Superintendent van Onderwys, gedateer 14.8.1883. (Daar kon ongelukkig nie vasgestel word wanneer die Kliprivierskool opgerig is nie.)
 2. Ibid., Brief van ds. Van Warmelo aan die Superintendent van Onderwys, gedateer 25.9.1883.
 3. Ibid., Brief van ds. Van Warmelo aan die Superintendent van Onderwys, gedateer 19.11.1883.
 4. Ibid., Brief van ds. Van Warmelo aan die Superintendent van Onderwys, gedateer 8.1.1884.
 5. Ibid., Brief van ds. Van Warmelo aan die Superintendent van Onderwys, gedateer 28.7.1884.
 6. Ibid., Briewe van ds. Van Warmelo aan die Superintendent van Onderwys, gedateer onderskeidelik 1.12.1885 en 26.7.1886.
 7. Ibid., Brief van C.L. Neethling aan die Superintendent van Onderwys gedateer 21.11.1882.

C.L. Neethling (waarskynlik die sekretaris van die skoolkommissie) 'n brief aan die Superintendent van Onderwys waarin hy namens die skoolkommissie versoek dat 'n hulponderwyseres, „die goed zingen en Engelsch kan onderwysen”, teen 'n salaris van £90 tot £100 van 25 Januarie 1883 af, ¹⁾ wanneer die nuwe kwartaal begin, aangestel moet word .

Wat in hierdie skrywe onses insiens van belang is, is die feit dat die plaasskool so groot was dat dit die aanstelling van 'n hulponderwyseres geregverdig het en dat die ouers (wat meestal boere was) begerig was om hulle kinders Engels te laat leer.

Op 14 Augustus 1883 gee ds. Van Warmelo kennis dat die skool op Kliprivier plotseling gesluit het, aangesien die heer C.L. Neethling die gebou as 'n winkel wil gebruik en daar geen ander gebou vir die skool beskikbaar is nie. Hy maak ook melding van die twee onderwysers wat toe aan die skool verbonde was, nl. N.H. Pannevis en 'n ²⁾ sekere mnr. Bosman .

Sake neem egter weer 'n gunstige wending, want gedurende November 1884 het Pannevis weer 'n skool in ³⁾ hierdie omgewing geopen .

Vanaf 1882 tot 1891 het daar op die volgende plase, wat vandag deel van die Vereenigingse distrik is, vir korter of langer tydperke skole bestaan: Nooitgedacht, Hartzenbergfontein, Kookfontein, Slangfontein, Vlakfontein, ⁴⁾ Schoongezicht, Alewijnspoort en Kliprivier .

/Die ouers

-
1. O.D.-Band no. 2: Brief van C.L. Neethling aan die Superintendent van Onderwys gedateer 21.11.1882.
 2. Ibid., Brief van ds. Van Warmelo aan die Superintendent van Onderwys, gedateer 14.8.1883.
 3. Ibid., Brief van Pannevis aan die Superintendent van Onderwys, gedateer 25.10.1884.
 4. Ibid., Briewe en jaarverslae van die S.G.O.

Die ouers was in hierdie tydperk nie net begerig om die kinders in Engels te laat onderrig nie, maar wou ook verseker dat hulle 'n deeglike en breë opvoeding in die ander skoolvakke verkry. Hiervoor is 'n hele reeks leerboekies verkry.

(c) Leerboekies. In sy hiervoor genoemde brief van 21 November 1882 bedank Neethling ook die Superintendent van Onderwys vir die skoolboekies wat hy ontvang het. Hieronder staan die lys, en dit kan as verteenwoordigend beskou word van die boeke wat in alle plaasskole van daardie tyd gebruik is:

H. te Winkel: Geschiedenis des Vaderlands.

E.J. Veenedaal: Allerlei Proza en Poëzie.

E.J. Veenedaal: Uit het Delfstoffenrijk.

P.J. Kloppers: Leesboek voor de middelste klasse,
Bekeken en Belusten.

J.A. van Dijk: Leerboekje der Nederlandsche
Spraakkunst.

R. Visser: Het eerste Leesonderricht.

F. Bruins: De Praktiese Taalmeester.

Schoolboekjes der Ned. Herv. Diak. Scholen Rekenboek

P. Best: Tijdstafel der Geschiedenis van het
Vaderland.

P. Best: Grondbeginselen der Aardrijkskunde.

F. Gulbelling: Geschiedenis der Nederland.

P.H. Giest: Chronologisch overzicht van de
Geschiedenis des Vaderlands.

F.A.R. Svolteling: Rekenkundige Opgaven.

J. van Zanten: Ons Vaderland.

P.R. Bos: Atlas voor de Volksschool.

Uw en Mijn Cijferboekje.

/Uit voorgaande.....

Uit voorgaande lys blyk dit duidelik dat daar toentertyd reeds 'n taamlike groot verskeidenheid leerboeke bestaan het waaruit gekies kon word. Wat die inhoud daarvan aangaan, is dit 'n ander saak, want dit val te betwyfel of dit altyd rekening gehou het met die belangstelling van die Transvaalse kinders.

(c) Inspeksieverslae (1883 - 1891). In die Heidelbergse distrik is die inspeksie van skole gedurende hierdie jare byna hoofsaaklik deur ds. Van Warmelo waargeneem, behalwe in 'n paar skole wat in 1887 en 1888 deur die waarnemende superintendent, H. Stiemens, en deur die superintendent, ds. Du Toit, in 1890 geïnspekteer is ¹⁾.

Gedurende hierdie tydperk het ds. Du Toit sover moontlik self die skole geïnspekteer, maar waar dit nie vir hom moontlik was om dit te doen nie, het hy die hulp van predikante in dié opsig verkry. Dit verklaar dan hoekom ds. Van Warmelo die inspeksies uitgevoer het in die skole in die Heidelbergse distrik.

Dit is opvallend watter vrugte die inspeksies afgewerp het. Oor die onderwysers oor wie se werk by 'n eerste besoek maar 'n swak rapport gelewer is, word in die meeste gevalle by die tweede besoek baie gunstiger gerapporteer. Volgens die rapporte is alle dokumente goed bygehou en in orde bevind.

Uit die rapporte blyk dit ook dat die gereelde skoolbesoek baie te wense oorgelaat het.

By alle inspeksieverslae word in die eerste plek 'n paar opmerkings oor die skoollokaal, meubels,

/skryfbord

1. Lötzt: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys aan blankes in die distrik Heidelberg, Transvaal, van 1839 tot 1950, 67.

skryfbord en werkrooster gemaak. Ons kan aanneem dat daar as gevolg van die gebrek aan die nodige fasiliteite nie te kras geoordeel is oor die geboue en meubels nie.

Oor die vakke Bybelgeskiedenis, Lees, Skrif, Rekenkunde en Sang is daar altyd noukeurig gerapporteer. Soms is daar ook aanmerkings gemaak oor taalkunde en spelling. Die goeie is aangeprys, maar waar daar tekortkomings was, is dit onomwonde gerapporteer ¹⁾.

2. Onderwys in Vereeniging tydens die Superintendentskap van prof. N. Mansvelt (1891 - 1899).

(a) Skole in Vereeniging. Die aantal skole in die Heidelbergse distrik het onder die Mansvelt-onderwyswet van 1892 met verloop van tyd vermeerder namate die bevolking toegeneem het. Die grootste uitbreiding het op die „Heidelbergse-delwerije“ plaasgevind (die huidige Witwatersrand).

Die toestand aan die einde van 1898 in die distrik Heidelberg (d.w.s. die huidige distrikte Heidelberg en Vereeniging) was soos volg:

(i) Vaste skole: 1 dorpskool,
7 wykskole.

(ii) Skole geopen in 1898: 9 wykskole.

(iii) Skole gesluit daardie jaar: 7 wykskole ²⁾.

Dit wil dus voorkom asof die skole 'n baie wisselvallige bestaan gevoer het en of hulle lewensduur maar van korte duur was.

Teen die einde van 1898 is die volgende skole (wat as vaste skole gereken is) in die Vereenigingse

/distrik.....

-
1. Verslag van de schoolinspectiën gepubliceerd door den superintendent van onderwijs, 1883 - 1891.
 2. Superintendent van Onderwijs: Verslagen van den staat van het gesubsidieerd- en van het staatsonderwijs in de Z.A.R., 1898, 123.

distrik aangetref:

- (i) Vlakfontein, met hoof D.C. Cronje,
- (ii) Alewijnspoort, met hoof S.G. Wiechers,
- (iii) Hartzenbergfontein, met hoof H.M. Muller, en ¹⁾
- (iv) Faroasfontein, met hoof C.F. Hoogendijk .

(b) Inspeksie. Die inspeksiestelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek is in 1892 deur die Mansvelt-onderwyswet op 'n beter grondslag geplaas, want die Republiek is toe in vier inspeksiekringe ingedeel. Vir ons van belang is dat die skole van die huidige Vereenigingse distrik toe hul eerste inspekteur gehad het in die persoon van E.P. Crots.

Na die aanstelling van Crots is die inspeksie in hierdie geweste wel vergemaklik, maar dit was nog heeltemal onvoldoende, want hy was verantwoordelik vir die distrikte Potchefstroom, Bloemhof, Lichtenburg en Heidelberg-wes ²⁾ .

Inspekteur Crots is in 1894 opgevolg deur C.G. de Jonge, wat op sy beurt weer deur J.K.M. te Boekhorst in 1896 opgevolg is ³⁾ .

(c) Inspeksierapporte. Hierdie distrik se skole is gereeld geïnspekteer en sommige twee keer per jaar. Kortliks maak die inspekteursverslae melding van die volgende:

- (i) Geboue. 'n Algemene tekortkoming in hierdie

/opsig

1. Superintendent van Onderwijs: Verslagen van den staat van het gesubsidieerd- en van het staatsonderwijs in de Z.A.R., 1898, 128.
2. De Schoolgids, 1892, 3.
3. Coetzee: Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 225.

opsig is aan die orde van die dag. Waar lokale ruim genoeg is, is daar 'n tekort aan vensters, sodat daar 'n gevolglike gebrek aan lig en lug is. In een geval egter is die skoolgebou deur die inspekteur as 'n "siëraad" beskryf.

(ii) Uitrusting. Meubels en ander uitrusting is deur die inspekteur as bevredigend bevind. In een geval was die meubels onvas en in 'n ander geval is gevind dat sestien leerlinge om 'n lang tafel in 'n beknopte kamertjie gesit het. Daar was nog enkele gevalle van skole sonder 'n skryfbord. Van die skool van S.G. Wiechers te Alewijnspoort kon die inspekteur in 1897 getuig dat die hele inrigting (daar was twee klaskamers) met sy nuwe Amerikaanse banke die onderwyser, die kommissie en ander belangstellendes grootliks tot eer strek.

(iii) Leermiddele. In hierdie opsig was daar nog baie klagtes. Daar was nog enkele onderwysers wat sonder 'n lesrooster was. By die meeste is daar verbeterings in die lesrooster aanbeveel. Vir sover dit leesboeke aangaan, het die inspekteurs gerapporteer dat daar in 'n groot aantal skole te veel soorte leesboeke gebruik word, sodat die klassikale behandeling van 'n leesles onmoontlik is. Dit het gebrek aan doeltreffendheid en tydsverlies tot gevolg gehad. Al die inspekteurs het by verskeie skole bevind dat die Bybel en Kinderbybel as leesboeke gebruik word, selfs vir 'n Standaard 1-klas. Die meeste onderwysers het blykbaar nooit gebruik gemaak van die lys van boeke wat die Superintendent van tyd tot tyd aanbeveel het nie ¹⁾.

/(iv) Onderwysers....

1. (a) Superintendent van Onderwijs: Verslagen van den staat van het gesubsidieërd- en van het staatsonderwijs in de Z.A.R., 1895, 28-30.
(b) Ibid., 1898, 119-142.

(iv) Onderwysers. Die oorsaak van die swak toestand waarin die onderwys in die algemeen nog verkeer het, moet in 'n baie groot mate toegeskryf word aan die onbevoegdheid van onderwysers wat die skole moes bedien. Die inspekteur het weliswaar bevind dat die skole op die Witwatersrandse delwerye die bekwaamste onderwysers het, maar hy het ook gevind dat ruim 25% van die onderwysers in sy kring „swak” is. Hy sou op verskeie „buiteskole” onderwysers aangetref het „die geen grondig en degelyk werk kunnen leveren”¹⁾.

Met die onderwysers wat van die buiteland (Holland) afkomstig is, was die inspekteur baie tevrede. „Als inspekteur vind ik de meesten hunner degelyke en flinke onderwijzers; mannen van een uitmuntend gedrag en beziel met den rechten geest voor hun werk in ons midden”²⁾.

(d) Onderwys op die dorp Vereeniging (1896 - 1899).

(i) Inleiding. Namate die dorpie Vereeniging gegroei het, het die behoefte vir 'n plaaslike skool al hoe dringender geword. Weliswaar was daar onderwysfasiliteite op Heidelberg en die Witwatersrand, wat albei nie ver van Vereeniging af geleë is nie, maar ons moet in gedagte hou dat die dorpie Vereeniging grootliks vir die voordeel van Marks se werknemers gestig is. Van hierdie werknemers was die grootste gedeelte laagbesoldigdes soos

/karweiers

-
1. Superintendent van Onderwijs: Verslagen van den staat van het gesubsidieërd- en van het staatsonderwijs in de Z.A.R., 1898, 130.
 2. Ibid.

karweiers, mynworkers, ens., en hulle kon dit dus nie bybring om hulle kinders uit die huis uit na opvoedkundige inrigtings op ander plekke te laat gaan nie. Die enigste alternatief wat hulle gehad het, behalwe om die kinders self die nodige onderrig te gee, was om 'n skool plaaslik te probeer verkry. In hierdie verband het hulle die heelhartige samewerking van Samuel Marks gehad.

(ii) Eerste daadwerklike pogings vir die verkryging van 'n skool. Vir sover dit die toekenning van grond vir die oprigting van 'n skool aangegaan het, het Marks in 'n skrywe aan J.S.V. Hugo, Resident-vrederegter, Vereeniging, o.a. gemeld dat "We have temporarily made arrangements with the Government for certain blocks in the Township, and have arranged with Mr. Rissik that in the matter of exchanging any such blocks, we are always prepared to meet him.

"If the ground which is wanted for the school, is not one of the Government blocks, I have no objection to your taking such ground.

"We can arrange afterwards with the Government¹⁾ to take an equal quantity of their land instead" .

Hierdie brief is aan Hugo gerig nadat hy as eerste voorsitter van 'n skoolkommissie gekies is, want in 'n ongedateerde brief aan die Superintendent van Onderwys, waarin o.a. Marks se voorgenoemde brief ingesluit is, skryf Hugo: "Als Voorzitter van eene School Comitee onlangs alhier door het publiek gekozen,

/heb ik

1. R.14041/96, Brief van S. Marks aan J.S.V. Hugo, Resident-vrederegter, Vereeniging (ongedateer).

heb ik opdracht van het Comité grond van de Regeering in dit dorp te bekomen voor het aanbouw eener schoolgebouw.

„Uit inliggend brieven zult U. Ed. Gestr. vinden dat de heeren Lewis en Marks gereed zijn het Blok Erven door het Comité het meest geschikt bevonden voor de vereischten van de Kolenmynen, dit dorp en het Spoorweg terrein bewoners, in ruil te geven voor een der Blokken reeds aan de Regeering door hunne Maatschappy afgestaan. De grootte der Erven alhier slechts 100 x 200 voeten zynde, meent het Comité dat de twaalf erven in een blok vervat juist een goede ruimte geven zal voor de schooldoeleinden, en wenschen ook meer bepaald aanzoek te doen voor de vier onder nos. 721 en 722 en 731 en 732.

„Het is my aangenaam U. Ed. Gestr. te kunnen mededeelen dat de heeren Lewis en Marks ons in deze zeer mildelijk ondersteunt met eene vrye gift van £250 contant en belofte van verdere jaarlijksche ondersteuning" ¹⁾ .

In h brief gedateer 8 Oktober 1896 het Mansvelt die volgende aan Hugo geskryf: „De ondergeteekende, Superintendent van Onderwijs, verklaart mit dezen bekend te zijn met de plannen van eene Schoolcommissie te Vereeniging, bestaande uit de H.H. J.S.V. Hugo, J. van Wijnbergen en T.N. Leslie, tot de oprichting van een school te Vereeniging en deze school, behoudens nadere goedkeuring van een onderwijzer, als eene gesubsidieërde school te zullen erkennen. Door deze erkenning kan genoemd Schoolbestuur overeenkomstig Art. 3 van Wet No. 14, 1896, aanspraak maken op eene rentevergoeding,

/berekend

1. R.14041/96, Brief van J.S.V. Hugo aan die Superintendent van Onderwys (ongedateer).

berekend teen hoogstens 8% 's jaars, van een kapitaal, hetwelk niet meer dan een duizen Pnd. Stg. (£1,000.--¹⁾) bedraagt" .

Ook rig Hugo 'n brief aan die Staatsekretaris waarin hy daarop wys dat die skoolkomitee begerig is om erf no. 721, 722, 731 en 732 te verkry vir die oprigting van voorgenoemde skool. Hy wys daarop dat "daar de erven zoo klein zyn" hy vertrou dat die regering die hele blok aan die skoolkomitee sal toestaan ²⁾ .

Dié brief van Hugo word hierna deur die Staatsekretaris verwys na die Superintendent van Onderwys, en hy antwoord daarop en beveel aan dat die regering grond aan die skoolkommissie toestaan in terme van Artikel 5 van Wet no. 14 van 1896, mits dit uitsluitlik vir skooldoeleindes gebruik word ³⁾ .

By die beantwoording van Hugo se voorgaande brief het blykbaar 'n vertraging ingesluip, want op 17 November 1896 word die volgende telegram van die Resident-vrederegter, Vereeniging, aan die Staatsekretaris gestuur: "De zaak der onderwys is toch zeer belangrijk is het dan niet mogelijk dat de grondkwestie voor het school gebouw alhier dadelijk afgehandeld worde zoodat een aanvang gemaakt kan worden met het bouwen" ⁴⁾ .

/Dit wil

-
1. R.14041/96, Brief van Mansvelt aan Hugo, gedateer 8.10.1896.
 2. Ibid., Brief van Hugo aan die Staatsekretaris, gedateer 20.10.1896.
 3. Ibid., Brief van Superintendent van Onderwys aan die Staatsekretaris, gedateer 15.10.1896.
 4. R.16000/96, Telegram van die Resident-vrederegter, Vereeniging aan die Staatsekretaris, gedateer 17.11.1896.

Dit wil voorkom asof erf no. 731 en 732 deur die Staatsekretaris toegestaan is, want op 15 Januarie 1897 wys Hugo daarop dat hy 'n onderhoud met die Staatspresident gehad het wat hom grond belowe het, van 'n grootte gelykstaande met die grootste wat aan ander komitees toegestaan is. Hugo wys vervolgens daarop dat die erwe op Lichtenburg 300 x 300 voet en in Zeerust 300 x 150 is. Volgens hom was die erwe op Vereeniging besonder klein en gevolglik van weinig waarde, want erf no. 731, 732 en 733 sou 'n vierkante oppervlakte van 200 x 300 voet oplewer. Hy meen egter dat indien erf no. 734 by voorgenoemde drie gevoeg word „wij eene grootte van 200 x 400 (sal) hebben met een gewensche frontage aan twee straten en op een ¹⁾ zeer droge deel” .

Op 12 Februarie 1898 rig Hugo weer 'n brief aan die Superintendent van Onderwys en noem daarin dat besluit is om twee erwe van mnr. J.N. de Jongh aan te koop (no. 409 en 450), maar aangesien hulle te ver geleë is van dié deel van die dorp wat tans bewoon word, het die skoolkomitee besluit om die regering te versoek om hierdie twee te ruil vir erf no. 733 en 734, sodat hulle in laasgenoemde twee tesame met no. 732 (alreeds toegeken) „voldoende ruimte kunnen bekomen voor oefenings grond enz.” Hy wys ook daarop dat die erwe se waarde ongeveer ²⁾ gelyk is .

Hugo het blykbaar aangeneem dat sy voorgenoemde voorstel deur die Superintendent nie van die hand kon

/gewys word

-
1. R.14041/96, Brief van Hugo aan die Staatsekretaris, gedateer 15.1.1897.
 2. R.2217/98 gerangskik by R.14041/96, Brief van Hugo aan die Superintendent van Onderwys, gedateer 12.2.1898.

gewys word nie, maar toe hy op 8 Maart 1897 nog nie 'n antwoord ontvang het nie, rig hy die volgende telegram in sy hoedanigheid as Resident-vrederegter en Voorsitter van die skoolkommissie aan die Staatspresident: "Kan U. H. Ed. niets doen om de school gronden dadelijk op naam der Committee te doen transporteeren publick hebben zeer mildelijk in contant bygedragen voor een school en nu zijn zij zeer dringend dat dadelijk met aanbouw zal worden begonnen zij hebben reeds in September 1896 een bedrag van tachtig pong gegeven" ¹⁾ .

Hierdie telegram is blykbaar na die Superintendent van Onderwys aangestuur deur die President, want eersgenoemde verwittig Hugo dat daar by die Registrateur van Aktes en die Landmeter-generaal nie die vrymoedigheid bestaan om aan sy versoek te voldoen nie. Indien hy egter by sy besluit sou bly, sou die saak direk aan die Uitvoerende Raad voorgelê word ²⁾ .

Ongeveer twee maande voor die uitbreek van die oorlog, op 25 Julie 1899, is Hugo se pogings vir die verkryging van die betrokke erwe bekroon en erf nommers 732 tot 734 vir die oprigting van die skoolgebou toegestaan ³⁾ .

Dit was dan ook net waarvoor Hugo gewag het en hy spring dadelik aan die werk om die skoolgebou opgerig te kry, want hy doen dadelik aansoek by die Hoof van

/Gevangeniswese.....

-
1. R.4330/97 gerangskik by R.14041/96, Telegram van Resident-vrederegter en Voorsitter, School Committee, aan die Staatspresident, gedateer 8.3.1897.
 2. R.2217/98, Brief van Superintendent van Onderwys aan Hugo, gedateer 12.2.1898.
 3. U.R.B., Artikel 698 van 25.7.1899.

Gevangeniswese om „twee blanke metselaars met kennis van klipwerk en twee blanke timmermans en zez kaffers vir handlangers“¹⁾, sodat daar dadelik met die oprigting van die skoolgebou begin kon word. Hierdie versoek is toegestaan en daar is dan ook 'n begin gemaak met die bouery, maar voordat dit kon vorder, het die oorlog hulle genoodsaak om dit te staak²⁾.

3. Samevatting.

(a) Die tydperk 1881 - 1891. Vanaf die sewentiger jare het in die Transvaal 'n tydperk van politieke onrus geheers totdat hulle uiteindelik daartoe genoop is om die wapens op te neem en vir hul vryheid te veg.

Na die nuut herwonne onafhanklikheid het die Transvaalse regering hom beywer vir 'n groter mate van opvoeding en onderwys van die jeug wat reeds te lank verwaarloos gebly het. Met die benoeming van ds. S.J. du Toit tot Superintendent van Onderwys het dit beter gegaan. Die Onderwyswet van 1882 het voorsiening gemaak vir 'n staatsondersteunde stelsel van Christelike en nasionale onderwys. 'n Groter aantal kinders sou dan die voorreg kon geniet om onderwys te ontvang. Vereeniging met sy uitgestrekte distrikt was egter, behalwe in die geval van die paar plaasskooltjies wat bestaan het, van hierdie voorreg verstoke. Die onderwys en opvoeding

/moes nog

-
1. R.5491/99 gerangskik by R.8003/98 wat op sy beurt by R.14041/96 gevoeg is, Brief van Hugo aan die Hoof van Gevangeniswese (ongedateer).
 2. R.10568/99 gerangskik by R.14041/96.

moes nog bygebring word deur die ouers (veral die moeder), drosters of rondtrekkende onderwysers.

Daar was in die eerste paar jare na die proklamasie van die nuwe onderwyswet 'n opfluktering op die onderwysgebied, maar dit was van korte duur. Na 1894 het daar weer verval ingetree.

Die redes vir die agteruitgang kan gesoek word in die wyd uiteenlopende belangstellingsrigtings van die Superintendent. Hy kon daarom nie sy volle aandag aan die uitvoering en toepassing van die Wet skenk nie. Onder Stiemens as waarnemende Superintendent het die nodige dissipline ontbreek.

Aangesien daar nie 'n genoegsame aantal inspekteurs was wat gereelde toesig oor die skole kon hou en aanbevelings by die Superintendent kon doen nie, was die onderwys nie altyd streng volgens die wet nie. Boonop was daar nog 'n groot tekort aan onderwysers, sodat die onderwys in die bestaande skooltjies nie volgens die bepalings van die wet aan die kinders kon verslaaf word nie.

(b) Die tydperk 1891 - 1899. In 1891 het dr. W. Mansvelt vir ds. Du Toit as Superintendent van Onderwys opgevolg. By die herformulering van die Wet van 1882 is die foute daarin uitgeskakel. Die resultaat was die weldeurdagte Wet no. 3 van 1892.

Dr. Mansvelt het hom dit ten doel gestel om die administrasie van die onderwysdepartement glad te laat werk. Hy het gevolglik voorsiening gemaak vir genoegsame kantoorpersoneel en inspekteurs om toesig oor die skole en die onderwys in die algemeen te hou. Die inspekteurs het duidelike instruksies gekry en die Superintendent het

/noukeurig.....

noukeurig op hulle aanbevelings gereageer.

In Vereeniging was daar ten opsigte van skoollokale, meubels, leermiddels en metodes van onderwys 'n verbetering te bespeur. Die gereelde inspeksie het dan ook geleentheid verskaf om deur middel van voorligting en leiding die tekortkominge uit die weg te ruim. Oor die algemeen kan gesê word dat die gehalte van die onderwys teen 1899 in die bestaande skooltjies redelik volgens standaard was. Dit bly egter 'n feit dat die aantal skooltjies heeltemal ontoereikend was vir hierdie groot distrik.

Vir sover dit die toenemende behoefte aan skole betref, moet daarop gewys word dat die groeiende bevolking van die dorpie Vereeniging mettertyd aangedring het op 'n skool op die dorp. Na heelwat vertraging ingetree het en baie moeilikhede uit die weg geruim is, is uiteindelik in die tweede helfte van 1899 daartoe oorgegaan om die skool op te rig. Voordat daar egter met dié saak gevorder is, het die oorlog uitgebroek.